POPPIES VIR CALA

Tannie Lenie Naudé (88) van Onderplaas, Olifantberg was die afgelope maande besig met ‘n liefdestaak vir Cala. Sy het poppe vir Wilna Jordaan se Vroeë Kind opleiding gemaak. Elke poppie (33 cm) lank, is uniek. Elke seuntjie- en dogtertjiepop het ook ‘n unieke stel klere aan: broekies, rompies, of rokkies met onderbaadjies gehekel met knoppies. Elke pop het ook ekstra stelle klere en ‘n kombersie. Tannie Lenie sê dat die kindertjies die fyn spiere in hulle handjies , sowel as hul hand- oogkoördinasie met die aan- en uittrek van die klere moet oefen. Om alles te kroon het sy ook nog die uitreikspan bederf met die bak van koekies en hoenderpasteitjies met regte, egte skilferkorsdeeg!